Kollekte gaan by die deure vir **GKSA Sustentasiefonds** en . ...volgende week **Thusofonds**
Verlede week se kollekte was
DVB. 4613
Bybelverspreiding R 1929

DEBIETORDERS.

Die nuwe finansiële jaar begin in Julie. Almal wat gebruik maak van die debietordersisteem word gevra om asb. aan Andre per epos [ajabakker.09@gmail.com] of met Gusta in verbinding te tree oor ‘n moontlike verhoging in die komende jaar aan te dui om dit toe te pas.

KERKHUIS

Ons het die huis baie verander die vakansie. Die motorhuis is verander in 'n speeletjieskamer! Ons sal 'n aksie hou om hom mooi intehuldig. Daar is ook 'n spesiale kamer vir die voor- en laerskooljeug ingerig. Die kinders 18maande-4jaar sal die kamer gebruik tydens die oggenddiens. Die kamer sal ook gebruik word vir die laerskool-jeug se aksies onder andere. Baie dankie vir al die mense wat gehelp het met die bouwerk en die skenkings. Ons waardeer dit baie.

TRUTH PROJECT

dr. Braam bied ’n DVD-kursus aan getiteld: “The Truth Project. Elke DVD-vertoning is ongeveer een uur. Dit bied meer ‘vaste geestelike kos’, en beloof om werklik interessant te wees. Enigeen wat belangstel is baie welkom om dit te kom bywoon. Dit vind plaas elke Maandagaand (vanaf 19 Julie) om 19:00 in die kerkhuis.
Kom woon dit gerus by.

Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. Na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

NAVORSING

Ek wil **navorsing** doen oor die Afrikaanse Kerke en die **TweedeWêreld Oorlog 1939-1945**. Wat was die houding en optrede teenoor soldate. Daar was soldate wat Noorde toe is. Daar was soldate wat Tuiswag was, daar was Kuswag en Vroue Hulpdiens. Daar was wagte by die Internerings-kampe en Polisiemanne.
Aan die anderkant was daar die Ossewabrandwag. Wat was die kerk se houding en optrede.
Ek sal bly wees as daar persone is wat met my in vebinding kan tree hieroor. Kobus van Tonder
011 660 6164 of 082 544 2879
epos adresse altydbeter@gmail.com
of gksakdpwes@absamail.co.za

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Daar is baie lidmate met dieselfde voorletters en van. **Volle name asb**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220 340 333

BRING ‘N KOEK-AKSIE!

Die aksie **“ Bring ‘n koek as jy verjaar**” begin nou weer na die vakansie. Alle gemeentelede wat gedurend Junie en Julie verjaar word gevra om asb jul verjaardagkoek op 1 Augustus 2010 na die kerk te bring sodat almal saam na afloop van die diens tee en koek kan nuttig. Ons herinner almal net weer dat ‘n donasie vir jou stukkie koek in die gegewe houer gegooi kan word vir die versterking van die sustersfonds. Die sustersfonds word aangewend tot voordeel van die gemeente en susters (bv aankoop van kombuistoerusting.) Die sustersaksie val onder die diakonale diensgroep internekoinonia.

Sustershoekie:

Aandag alle susters! Na ‘n lang rustyd het die susters weer ‘n bestuur bymekaar gekry en vind ons eerste aksie reeds die 28 Augustus 2010 plaas. Dit sal die vorm aanneem van ‘n oggendtee met mode en sang! Hou die hoekie dop vir verdere besonderhede. Merk solank die datum in jou dagboek sodat jy dit nie misloop nie!

Ons Huis

Tehuis vir Bejaardes, Florida

Die tehuis hou hulle winterkermis op **Saterdag, 31 Julie 2010** vanaf 09.00 by Madelinestraat 110, Florida. Veilige parkering is beskikbaar by die kerk op die hoek van Main- en Marystrate. Behalwe die kermisstalletjies gaan daar ook ‘n uitstalling van veteran-motors wees. Lidmate kan gerus **Ons Huis** ondersteun.

Op die Program:

Maandag:The Truth Project
konsistorie
Dinsdag: Bybelstudie 6:30 en 7:30
Woensdag:Breëkerkraadverg. 19:00
20-Something Kleingroep
Donderdag:Gebedsgroep 19:30
Vrydag: Bybelstudie 9:00

Bybelvasvra - Soek die vers

Verlede Sondag (18de)se antwoord : Job 12: 11 “Moet die oor nie woorde toets soos die **verhemelte** kos proe nie?” Dis die vraag soos Job dit gevra het. Job 34:3 Bevat presies dieselfe woorde, hierdie keer as ‘n stelling wat Elihu gemaak het. (1983 vertaling)
Nota: Die Lewende Woord vertaling meld “mond” en die Engelse vertaling “Tongue”
Die volgende lesers het gesoek en gevind:
Kate-Lynn Watt, Ilse Watt, Evert & Ina Bolt (altwee tekste) Betsie du Preez, Jaap Smit
Dorene Smit, Stefanie Kruger , Elma Jansen , Hettie Rencken

Die nuwe week se vraag by die liturgie

Gedagte vir die week

Ons mag nooit ons verantwoordelikheid misken deur passief te wag vir God se ingrype nie. Biddend slaan ons ons hand aan die ploeg om die take wat ons opgelê word, af te handel en in sy genade laat God ons beplanning en werk tot voltooiing kom – Die Bybel in Praktyk p.367

Notas Oggenddiens 9:00	Notas Eietydsediens 17:00	Notas Aanddiens 18:30
Teksgedeelte: Jona 1: 1 – 2: 1; 3: 1 – 11 **Teksvers:** Jona 1: 2; Jona 3: 2 **Tema:** God roep heidene tot geloof	**Skriflesing:** Mark. 16: 9 – 16 **Teks:** Mark. 16: 14b **Tema**: Wat as jy régtig geglo het dit wat jy glo is die wáárheid?	**Lees**: Efesiërs 2:1-10 HK 8 **Teks**: Efesiërs 2:8,9 **Tema**: Die gerigtheid van my geloof

Bybelvasvra Sê wie? – Die Bybel sê .....

"???? het als gedoen presies soos die Here hom beveel het"
Wie het alles presies gedoen soos die Here hom beveel het?
Waar staan hierdie vers in Die Bybel?
Lees gerus die boek Genesis en SMS jou Naam & Van en die naam van die persoon en die plek waar hierdie vers staan na **0828733173** as jy die antwoord gevind het



DOPPERJEUG

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar

26 Jul **SIMONÉ BORNMAN** 011 968 1793
30 Jul **CARA DUVENAGE** 011 425 4400
31 Jul **GOMO LUCAS** 011 422 5012

- Geluk aan **Divan Yssel** wat akademies no 4 is op die top tien by Laerskool Northmead
- Geluk aan **Zeline Yssel** sy het haar 1st Dan in karate gekry en is nou in Japan geregistreer

Donasies vir Koffie, Tee, Hot chocolate, Suiker of Melk sal waardeer word vir die kerkhuis. Plaas dit in die kombuis van die kerkhuis of gee dit vir Herman wie dit veilig sal bêre.

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

Welkom:
Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00
Aanddiens: 18:30

Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 19,20,21,22
Volgende week: wyke 23,24,25,26

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

26 Jul CORNELIUS VILJOEN
. 0733593538
*27 Jul JAN BAKKER 011 849 7766
*27 Jul PIETA COETZEE
011849 0329
28 Jul KARIN BOTHA 0724301083
28 Jul PATTY MULLER 0833831226
28 Jul CHRISSIE PRETORIUS
011 422 5012
29 Jul VALDA GOUWS 0829609688,
29 Jul DUOLENE LEACH
0826779808
30 Jul JUAN BLIGNAUT
0823999394
30 Jul MENNO BOSCH: 0835 646707
30 Jul SARIE JANSEN: 0842704404
***30 Jul HANNETJIE ROETS:
. 011 968 1824
31 Jul CORNELIA BAKKER
0835563028
31 Jul GERRIT BOSHUISEN
0825694128

LIEF EN LEED

- **Damon February** se pa is die afgelope week oorlede. Ons innige meelewing.
- **Br Ben Steyn** is ernstig siek met die degeneratiewe spier-/senuweesiekte waaraan hy lei. Ons bid die familie God se nabyheid en genade toe.
- Dankie aan almal wat navrae gedoen het oor Braam se sussie wat die hartoperasie gehad het. Sy vorder goed, dit is nog die bloed se PI wat gestabiliseer moet word.
- **Sr Mary-Ann Billing** het Woensdag 'n oogoperasie ondergaan. Ons is dankbaar dat dit goed afgeloop het.
- **Br Faan Nel** is in die Linmed opgeneem nadat hy geval het. Ons bid hom spoedige herstel toe.
- **Doreen Brummelkamp** is die afgelope week aan haar hand geopereer

Ter aprobasie word **Johan Ligthelm** voorgehou as ouderling

GEREFORMEERDE KERK BENONI

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

7de Laners hou konsert ten bate van Actonville

Die Actonville-wyk 16 bied op Vrydag 6 Augustus van 19:00 af ŉ opwindende sangaand aan. Romeo du Toit tree as gaskunstenaar op en twee bekende akteurs van die gewilde sepie, 7de laan kom ook die gaste vermaak. Kaartjies kos R50 vir volwassenes en R25 vir kinders. Kaartjies is by Erika Buma of Donsie Krüger beskikbaar. Die inkomste uit die aksie sal aangewend word om die Actonville-kerkgebou op te knap en ŉ kamer vir die kleuters daar in te rig. Verversings sal tydens pouse te koop beskikbaar wees.

VETKOEKE

Geen smse gaan meer uitgestuur word vir vetkoek bestellings nie. As jy ‘n Vrydag vetkoek wil eet, bestel net deur te SMS aan Elma 082 647 8948 of Ina 084 339 1136 anders bel voor Donderdag 4 uur vir **Elma** 011 849 3206 of **Ina** 011 849 5005 en kom haal tussen 5 en 6 uur by die kerk

As jy enige ander dae vetkoek wil hê, bestel net ‘n dag voor die tyd ook by Elma. Dit kan jy by haar huis optel

As daar vetkoeke met vleis gemaak sal word en of ander eet dingetjies sal daar ‘n sms uitgestuur word.

Fondse gaan nog steeds vir

.kerkhuis, sal later vir Nuwe .....Kombuis gebruik word .

KOMBERSPROJEK

Ons wil dankie se vir almal wat n aandeel het in die kombersprojek sover. Dir Here se seën is groot daarop. Elkeen wat gegee het, gebid het gevas het(Mat 6:1-18) Dankie. Sover het ons 45 komberse uitgedeel, 30 Bybels en baie sop en brood en lemoene. Ons het +/- 60 of 70 mense bereik.

Verdere reëlings vir **Sondag** is as volg. Almal wat wil saam gaan na die diens by Actonville kom **09h45 by die kerk** bymekaar. Ons ry **10h00**. Die **diens begin 10h30**. Ons vat komberse saam vir hulle. Al die kinders wat nog nie saam uit was nie moet asb kom. Enigiemand anders wat wil saamgaan is ook welkom.

Sondag wil ons ook die projek saamvat en afhandel.

Dit lyk of daar mense is wat dit wil verder vat en aanhou daarmee. Dit sal wonderlik wees. Almal wat daarin belangstel kan met ons kontak.



Die Zambezi Frailcare Trust is tans besig met verkope van kamers op lewensreg vir die beplande oprigting van 'n sorgeenheid by die Zambezi Aftree-oord in Montana, Pretoria.

Zambezi Aftree-oord is baie gewild as gevolg van sy mooi uitleg, huise en dis ook naby die Kollonade winkelsentrum, Montana hospitaal en verskeie ander winkels en geriewe

Die sorgeenheid sal uit die volgende kamers bestaan:

1. Bystandversorging - 22 kamers (30m², 40m², 50m² en 60m²)
2. Dementia/Alzheimer - 21 kamers (18m², 20m², 30m² en 40m²)
3. Verswakte versorging - 36 kamers (20m² en 30m²)

Die sorgeenheid sal in fases opgerig word. Sodra fase 1 en fase 2 verkoop is sal met die bouwerk begin word. Die beplande voltooing sal die tweede helfte van 2011 wees.

Die pryse wissel tussen R325 000 vir 'n 18m² kamer in die Dementia/Altzheimer afdeling en R499 000 vir 'n 60m² kamer in die bystandversorging afdeling.

Vanweë die groot tekort in versorging vir bejaardes is al 'n groot gedeelte van die kamers verkoop. Indien u belangstel moet u dus nie aarsel om Veronica (083 530 5021) so spoedig moontlik te kontak nie

Pieter Zwemstra Voorsitter Zambezi Frailcare Trust

BEROEPE ONTVANG

* Ds JC Aucamp van Kuruman na Graaff Reinet.
* Dr ALA Buys van Pietersburg-Noord na Innesdal.
* Ds TA Muswubi van Middle-Letaba na Good News Community Church.
* Ds BC Smit van Parys na Pretoria-Meintjeskop.

BEROEPE AANVAAR

* Dr ALA Buys van Pietersburg-Noord na Innesdal.
* Ds HW Schutte van De Aar/Strydenburg/Oranjerivier-kombinasie na Noord-Oosrand.

BEROEPE BEDANK

* Ds JC Aucamp van Kuruman na Graaff Reinet.
* Ds TJ Potgieter van Port Elizabeth na Graaff Reinet.
* Ds JC van Dyk van Ventersdorp na Meyerton.
* Ds TJ van Vuuren van Heilbron na Klerksdorp-Noord.